Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

14 APRIL 2019

# GEMEENTEBULLETIN

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

SEWENDE LYDENSWEEK

**OGGENDDIENS**
Vergewe
Efesiërs 1:1-14

**GESINSDIENS**
Vergifnis wat anders maak
Efesiërs 1:3-14

**JEUGDIENS**
Sour spaces
Efesiërs 4:17-32

**DEURKOLLEKTE**
**Stellenberg-medewerkers**
Medewerkers verwys na al die sendelinge wat Stellenberg maandeliks finansieel ondersteun sodat hulle kan voortgaan met die werk wat hulle op verskeie plekke in die land en buiteland doen.

## EREDIENSTE

| | | | 14 April | | 21 April Nagmaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 06:30 | Kerk | Erediens | Geen | - | Ds. Breytenbach | 4 |
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Duvenhage | 2 | Ds. Breytenbach | 1 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Ackerman | 8 | Geen diens | - |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Geen diens | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Jesusfilm | 1 | Ds. Breytenbach | 2 |

## EREDIENSTE EN BYEENKOMSTE MET DIE OOG OP LYDENSTYD EN PAASFEES

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sondag 14 Apr. 19:00 | Kapel | Vertoning van Jesusfilm | René Potgieter |
| Maandag 15 Apr. 19:00 | Kerk | Paassangdiens | Louis van Loggerenberg<br>René Potgieter |
| Dinsdag 16 Apr. 19:00 | Kapel | Shema:<br>meditatiewe gebed | Philipp Dietmann |
| Woensdag 17 Apr.<br>19:00 | Grootsaal | Joodse Paasfeesete<br>R50 per persoon | Marius Breytenbach |
| Donderdag18 Apr.<br>18:00<br>19:00 | Edelweiss<br>Kerk | Nagmaal<br>Nagmaal | Theo Swart<br>Callie Visagie |
| Vrydag 19 Apr 09:00 | Kerk | Goeie Vrydag – erediens | René Potgieter |
| Sondag 21 April<br>06:30 en 09:00<br>19:00 | <br>Kerk<br>Kapel | Opstandingsondag<br>Nagmaal<br>Aanddiens | Marius Breytenbach<br>Marius Breytenbach<br>Marius Breytenbach |

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste. Almal kom vandag in die kleinsaal byeen. Ons gaan in Jesus se voetspore loop tydens lydenstyd.
- JEUGDIENS 18:00: Kwartaaltema: SPACES
- SENIOR KLEINGROEPE: Ons gaan vanaand, na die jeugdiens, almal aan 'n gebedsreis deelneem.
- GELEENTHEID VIR BELYDENISAFLEGGING: 19 Mei. Kontak Sunet by sunet@stellenberg.co.za vir administratiewe reëlings.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

## JUNIOR KATEGESE SONDAG 14 APRIL

Al die junior graadgroepe neem deel aan 'n *Via Dolorosa* – die lydenswegroete. Die kinders gaan saam met hulle kleingoepleiers die lydenswegroete, wat tussen al die lokale in die salekompleks versprei is, aanpak. Ons vra asb. dat ouers geduldig sal wag tot ± 11:10 en hulle kinders dan in die kleinsaal ontvang. Die roete neem ongeveer 'n uur en ons sal ons bes doen om binne die tydraam te bly.

## *MATRIC MOVEMENT*

Ons nooi al die matrieks van 2019 uit om aan te sluit by die *Matric Movement* elke Sondagaand om19:00 in die kafeteria.

Dis net vir matrieks, dis julle *space,* dis julle tyd vir saamwees.

Nooi jou ander matriekvriende saam.

## PLANTETAFEL VANOGGEND

Die gewilde plantetafel bied vanoggend weer hulle plante te koop aan. Met die oog op die reën wat voorspel word, is dit nou die ideale tyd om nuwe plante in beddings te plant. Alle donasies vir plante is ten bate van ons jeuguitreike.

### KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1 tot 7: Kleinsaal

Graad 8: Kerk

Graad 9: Grootsaal

Graad 10: Jeuglokaal

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 6 Mei om 09:30 in die markplein bymekaar.

### ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

### STELLENBERG-GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA-tjekrekening
145 058 0011
Takkode 632005

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

## RETRAITE VIR MANNE 10 TOT 12 MEI

**Wortelgat 10-12 Mei 2019:** Kom beleef 'n naweek in 'n mooi omgewing met gerieflike verblyf, wat jou die geleentheid sal bied om op jou verhouding met die Here en jou prioriteite te fokus. In ooreenstemming met die verkiesing is die tema: Hoe lyk jou politiek? Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Koste: R800 of 'n deposito van R400 kan per EFT na NGK Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005 oorbetaal word, met Manne Retraite as verwysing. Vervoer word onderling gereël. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

## THE SULTAN AND THE SAINT

Die rolprent *The Sultan and the Saint* is gebaseer op die lang vergete verhaal van St. Franciscus van Assisi en die Moslemvors, die sultan van Egipte en hoe hulle ontmoeting in die 13de eeu, tydens die bloedige Kruistogte, 'n verrassende uitkoms tot gevolg gehad het.

Kom kyk op **Dinsdag 23 April om 19:00 in die kleinsaal** na die film om meer van ander gelowe en ons hantering van mekaar te leer. 'n Oop gesprek oor die film sal op Dinsdag 30 April aangebied word.

## FOKUSPROGRAMHANDLEIDING EN CD

'n Handleiding vir persoonlike Bybelstudie asook 'n CD met musiek en voorlesing van gedigte is nou te koop @ R20 per stel. Gebruik die handleiding vir die duur van die fokusprogram. Sessies vir kleingroepe is ook in die handleiding saamgevat. Handleidings en CD's is vanoggend na die oggenddienste, of gedurende die week by die kerkkantoor beskikbaar.

### EDELWEISS NAGMAAL

Donderdag 18 April om 18:00 Nagmaal uit Markus 15

Die einde . . . ?

### KOSPROJEKDATUM

### 23 APRIL

Bydraes van nie-bederfbare produkte kan onder die trap in die voorportaal van die kerk geplaas word, of gee af by die kerkkantoor. Kontantbydraes kan elektronies oorbetaal word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOS-PROJEK as verwysing.

### VROUEKAMP
### 17 TOT 18 MEI

**Tema: Bewaar jou hart**

Vroue word uitgenooi na die jaarlikse vrouekamp by Die Eiland-kampterrein, Jonkershoek. Koste R540 per persoon. Bespreek jou plek voor 15 April by Stefanie Dicks 082 925 0267/ dixiesdatjies@gmail.com.

## VAKATURE JEUGKANTOOR

**Jeugkantoor administratiewe hulp**

'n Vakature bestaan vir 'n persoon wat lief is vir jongmense, 'n pad met die Here loop en oor goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede beskik. Werksure 12:00 - 15:00, dienswerk op Sondae tydens die jeugdiens, asook na-uurse verpligtinge soos jeugvergaderings en kampe.

## FEESMARKAANSOEKE – WEES BETYDS

Voornemende uitstallers moet asb. betyds, voor **18 April,** aanlyn registreer met die oog op keuring. Gaan na www.stellenberg.co.za om aansoek te doen. Neem asb. kennis dat ons vanjaar, weens die aanlyn registrasieproses geen laat aansoeke kan aanvaar nie. Kontak die feesmarkkantoor, Marilize Verreynne, by 021 910 3900/ feesmark@stellenberg.co.za met enige navrae.

## VATVYF

**Woensdag 17 April Paasete**

Ons gaan inskakel by die Paasete wat tydens die fokusprogram aangebied word op Woensdagaand 17 April om 19:00 in die kleinsaal. Besprekings het ongelukkig reeds gesluit. Kom deel in die egte Joodse fees met tradisionele Joodse kossoorte.

## FINANSIËLE BYDRAES

Jy kan jou maandelikse bydrae met **SnapScan** betaal. Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Die toepassing kan ook by heelwat restaurante, markte en ander besighede gebruik word. **EFT-transaksies** kan na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005 gedoen word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 tot 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.